

# 23

## HERSIENING

### Ek onthou wat ek geleer het

#### DOEN VOORAF

- Nooi betyds na die klas toe –
  - die dominee of die kategesehoof.
  - die ouers
- Reël met die dominee, kategesehoof of 'n ouer om af te sluit met gebed.
- Reël dat die ouers verversings saambring, sodat julle na die klas lekker kan saamkuier.

#### OPENING

Open self of vra een van die ouers of kinders om met gebed te open.

#### BEGIN SO

Verduidelik die donker gedrukte woorde en open deur saam Gesang 577: 3-5 te sing, of gebruik dit as gebed.

*Al lê daar **donker dieptes** voor,  
tog hoef ek nie **te vrees**,  
want U's by my, en in u hand  
sal ek steeds veilig wees.*

*U maak vir my 'n fees gereed  
terwyl my vyand kyk.  
U maak van my 'n **eregas**;  
U maak my lewe ryk.*

*Net goedheid, liefde, lewenslank,  
gee U, o Heer, vir my;  
by U's ek tuis, en in u huis  
sal ek vir ewig bly.  
Amen.*

## IETS OM TE DOEN

### **Toneel 1:**

Die kinders maak hul boeke oop by Les 19 en hou hul boeke so dat die ander (ook die ouers) dit kan sien.

Laat die predikant of kategesehoof die opskrif in die kind se boek lees: *Ek is hartseer, want iemand is dood.*

Die kategeet sê dié sinnetjie en die kinders sê dit agterna: *Die Here help my en troos my as iemand vir wie ek lief is, doodgaan.*

### **Toneel 2:**

Die kinders maak hul boeke oop by Les 20 en die kategeet sê in een sin waaroor dit hier gaan.

Dan sê die kategesehoof, predikant, kategeet of een van die ouers:

*In die Bybel, in Psalm 23: 1, staan: Die Here is my herder, ek kom niks kort nie.*

Die kategeet sê reël vir reël en die kinders sê agterna:

*Soos die skape in die weiveld  
veilig by hul herder bly,  
sorg die Heer, die goeie Herder,  
in sy liefde ook vir my.*

### **Toneel 3:**

Die kinders maak hul boeke oop by Les 21 en hou hul boeke so dat die ander (ook die ouers) dit kan sien.

Die kategeet, predikant of kategesehoof sê:

*Kom, kinders, besing met 'n vrolike stem  
die wonder van God in die stad Betlehem,  
want daar is die Heiland gebore, dié nag,  
die hoop van die wêreld, deur eeue verwag.*

Die kategeet sê sin vir sin en die kinders sê agterna:

*Ons bring soos die herders en engele weer  
aan Hom alle hulde, ons Heiland en Heer.  
Verlos van die sonde, besing ons tesaam  
die roem en die eer van sy heerlike Naam.*

**Toneel 4:**

Die kinders maak hul boeke oop by Les 22 en hou hul boeke so dat die ander (ook die ouers) dit kan sien.

Die predikant of kategeet sê:

*Julle het geleer dat die gelykenis van die barmhartige Samaritaan julle wil laat verstaan wie julle naaste is vir wie julle net so lief moet wees as vir julleself.*

Die kategeet sê die volgende woorde en die kinders sê dit agterna:

*Ons gaan so leef dat ons met ons woorde en dade bewys dat ons ander mense net so liefhet as onself.*

**AFSLUITING**

Vra een van die ouers of die predikant of kategesehoof, met wie ook al vooraf gereël is, om af te sluit met gebed.

Almal gaan geniet verversings as dit so gereël is.

**Onthou om die ouers uit te nooi om volgende week weer saam klas toe te kom, aangesien dit 'n gesinsles is.**